

HOOFSTUK 2: SIMBOLE VAN DIE VOORTREKKERS

1. INLEIDING

Die Voortrekkerwapen, Voortrekkervlag en leuse “Hou Koers” word sedert stigting van *Die Voortrekkers* in 1931 deurgans gebruik.

2. VOORTREKKERWAPEN

2.1 Ontwerp van die wapen

Sien afbeelding op webwerf van *Die Voortrekkers*.

Die ontwerp van die Voortrekkerwapen is soos volg:

- a) Die *wiel* is die voorwiel van 'n kakebeenwa met tien (10) speke.
- b) Die *fakkel* word aan die wiel vasgemaak met twee (2) blou linte.
- c) Die blou *lint* onder die wapen is geplooi en die leuse “HOU KOERS” word daarop in hoofletters geskrywe.

2.2 Kleure van die wapen

Die wapen bestaan uit vyf kleure waarvan die spesifikasies op die webwerf van *Die Voortrekkers* beskikbaar is:

- a) Die vlam van die fakkel is rooi.
- b) Die fakkel en die woorde van die leuse is wit.
- c) Die linte is koningsblou.
- d) Die wiel is grys.
- e) Die agtergrond van die wiel en omraming van die wapen is swart.

2.3 Vergroting of verkleining

Enige vergroting of verkleining van die wapen geskied in verhouding tot die afmetings soos in die afbeelding in artikel 2.1 van hierdie hoofstuk.

2.4 Lyndiagram

Die wapen kan alternatiewelik as 'n eenkleurige lyndiagram gedruk word soos op die webwerf van *Die Voortrekkers* beskikbaar is.

2.5 Vervorming

Wanneer 'n voorstelling van die wapen gemaak word en al drie (3) elemente van die wapen teenwoordig is, naamlik wiel, fakkel en leuse, mag die wapen nie vervorm word nie. 'n Enkele element van die wapen of enige twee elemente van die wapen mag egter op alternatiewe maniere, as die amptelike, voorgestel word.

3. KORPORATIEWE IDENTITEIT

3.1 Beginsel

Die Voortrekkers se korporatiewe identiteit het ten doel om *Die Voortrekkers* in alle gebiede en oor landsgrense op dieselfde wyse te bemark en bekend te stel. Die beeld wat derhalwe vertoon word moet op alle gebiede dieselfde voorkoms versinnebeeld.

3.2 Ontwerp

Die ontwerpe van die korporatiewe identiteit vir briefhoofde, baniere, aanbiedings, kaartjies ensomeer is op die webwerf van *Die Voortrekkers* beskikbaar soos dit van tyd tot tyd deur die hoofbestuur goedgekeur is.

4. VLAG VIR DIE VOORTREKKERS

4.1 Voorstelling van die vlag

4.1.1 *Die Voortrekkers* gebruik die vlag van die vroeëre Republiek Natalia.

4.1.2 Die vlag lyk soos volg:

Sien afbeelding op webwerf van Die Voortrekkers.

4.2 Die grootte van die vlag is:

- a) **Stormvlag:** Lengte negentig (90) sentimeter (cm) en breedte sestig (60) sentimeter (cm).
- b) **Standaard vlag:** Lengte een honderd en tagtig (180) sentimeter (cm) en breedte een honderd en twintig (120) sentimeter (cm).
- c) **Seremoniële vlag:** Lengte twee honderd en sewentig (270) sentimeter (cm) en breedte een honderd en tagtig (180) sentimeter (cm).

4.3 Kleure van die vlag

Die kleure van die vlag is rooi, wit en blou waarvan die spesifikasies op die webwerf van *Die Voortrekkers* beskikbaar is:

- a) Boonste driehoek: Rooi.
- b) Middelste driehoek: Wit.
- c) Onderste driehoek: Blou.

4.4 Vervorming

Wanneer 'n voorstelling van die voortrekkervlag gemaak word en al drie (3) kleure van die vlag naamlik rooi, wit en blou teenwoordig is, mag die voortrekkervlag nie vervorm word nie. 'n Enkele kleur van die voortrekkervlag of enige twee kleure van die voortrekkervlag mag egter op alternatiewe maniere, as die amptelike, voorgestel word.

5. GEBIEDSWAPENS

Elke gebied gebruik 'n gebiedswapen wat deur hoofbestuur goedgekeur is.

5.1 Kaapland

Sien afbeelding op webwerf van *Die Voortrekkers*.

5.2 Namibië

Sien afbeelding op webwerf van *Die Voortrekkers*.

5.3 Transvaal

Sien afbeelding op webwerf van *Die Voortrekkers*.

5.4 Vrystaat

Sien afbeelding op webwerf van *Die Voortrekkers*.

6. GEBIEDSVLAE

Elke gebied gebruik 'n gebiedsvlag wat deur hoofbestuur goedgekeur is.

6.1 Kaapland

Sien afbeelding op webwerf van *Die Voortrekkers*.

6.2 Namibië

Sien afbeelding op webwerf van *Die Voortrekkers*.

6.3 Transvaal

Sien afbeelding op webwerf van *Die Voortrekkers*.

6.4 Vrystaat

Sien afbeelding op webwerf van *Die Voortrekkers*.